
# Smirna Gemeente



Het u al ooit gedink oor hoe dit moet wees om werklik vervolg te word vir jou geloof? Hierdie mense in Smirna het geweet wat dit beteken. Nog voor hulle gered is, het hulle gesien hoe Christene gemartel en vervolg word.

Maar hulle het ook gesien hoe geloof prakties uitgewerk het in hierdie mense se lewens.

## Openbaring 2: 8-11

## = Die kerk wat vervolging sou ly.

**Smirna = Izmir vandag**

**Smirna het die beste hawens gehad en was ook genoem die poort na Europa.**

**Dit was 'n lieflike stad om in te woon. Met sy tropiese klimaat, pragtige blomme en plantegroei was dit die ideale plek om in te woon.**

**Hulle was baie trots op hulle ryke geskiedenis en die in- en uitvoer van Mirre was waar hul grootste rykdom in gelê het.**

**Mirre was 'n baie kosbare middel wat veral gebruik is in die balsem van dooies.**

Open 2:8 En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het:

Is dit nie kosbaar dat die brief begin met die woorde: "wat dood was en lewend geword het." Dit laat my onwillekeurig dink aan:

**1 Kor. 15:55 Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?**

Hierdie mense het daagliks geleef met die vrees om vervolg te word, hul werk te verloor of selfs hul lewens. Die stad se hoofinkomste was in 'n middel wat gebruik was om hulle dooies te balsam, dan kom hierdie belofte van God dat wat dood was, sal Hy kom lewend maak. In Hom is alle dinge en leef ons.

Die Here Jesus sê vir hulle In Open 2:9 "**Ek ken jou werke en verdrukking en armoede"**

Die Here weet van dit alles en ten spyte van dit sê Hy vir hulle, hulle is Ryk!!!

"maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan."

Ten spyte van alles wat hulle verloor het, is hulle skatryk, want niemand kan van hulle wegneem wat Die Here deur Sy bloed gekoop het nie. Die Ewige skat is in hulle siele weggelê waar geen verwoesting kan plaasvind of dief kan kom steel en dit vernietig nie.

Lees Johannes 10:10. Wat kom doen die dief?

______________________________________________________

Matt 6:20 sê vir ons wat ons moet doen met ons skatte en hoekom?

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________


As ons so ‘n kykie kry op die agtergrond, sal ons sien dat die Christene van daardie tyd steeds opgegaan het na die sinagoges om te leer uit God se Woord. Hulle het bekend gestaan as ‘n Joodse sekte. Maar dit het nie vir lank so aangegaan nie. Omdat hul reeds die verwagte Messias leer ken het en in Hom glo, was hulle gesien as vyande van die Joodse geloof en is hulle later verban uit die Sinagoges.

Daar is stories versprei dat wanneer hulle hul nagmaal gedenk dat hulle, hul skuldig maak aan kanibalisme. Hulle is daarvan beskuldig dat hul regte mensvleis eet en regte bloed drink.

Hulle is ook beskuldig daarvan dat hulle families opbreek, omdat hulle mekaar nou broer en suster noem.

69n.C – 155n.C

Polycarp was een van die eerste martelare van Smirna Gemeente. Hy was leeraar in Smirna. Keiser Domision het hom eendag laat roep en van hom vereis om sy geloof in Christus te verloën. Sy woorde was soos hier onder:



**Daar word vertel dat hulle hom op ‘n brandstapel gesit het. Die wind het egter so gewaai dat die vlamme heeltyd weggewaai het van hom af. ‘n Soldaat is toe beveel om hom dood te maak met ‘n swaard. Daarna is sy liggaam verbrand. Hulle vertel dat menige Christene wat so gesterf het, se monde naderhand toegebind is, dat hulle nie die Here sal loof en aanbid terwyl hulle sterf nie. Duisende mense het tot bekering gekom, as gevolg van hulle kragtige getuienisse, ten spyte van die vervolging. Nie net van hulle lewens nie, maar ook in hulle sterwe.**

**Ter afsluiting lees ons: “Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.”**


Die Here moedig hierdie gemeente aan om getrou te bly en Hy gee hulle die belofte van die kroon van die lewe.

Smirna was ‘n stad waar die Kroon ‘n prominente simbool was. Die groot tydverdryf in Smirna was die spele. Die spele was basies soos ons Olimpiese Spele. Soms wanneer iemand gewen het, het hy ‘n Lourier krans of kroon gekry, amper soos ‘n trofee van vandag.

Maar Die Here belowe aan hulle ‘n onverwelklike Kroon, wat hulle aan die einde van hulle lewens sal kry. ***Hierdie was geen speletjie vir hulle nie, maar ‘n intense en geweldige stryd, maar hulle oë was op die Prys***!

**Jakobus 1:12 Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal ________________________________________________________________ wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet.**

**Filippense 3:14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is ________________________________________________ van die hoë roeping van God in Christus Jesus.**



**Toepas in my lewe:**

**Jesus het gesterf en opgestaan vir my.**

**Sal ek opstaan vir Hom?**